3. Kennis maak die verskil: Hierdie opstel kan tot ’n **bespiegelende** opstel lei indien die kandidaat oor die geldigheid al dan nie van die stelling wonder. Daar kan ook **geargumenteer** word dat onkunde soms beter as kennis is. Die kandidaat kan ook die verskillende soorte kennis soos byvoorbeeld emosionele of lewenskennis aanraak. As **verhaal** kan die kandidaat vertel hoe kennis hom/haar gered het omdat dit die verskil tussen lewe en dood beteken het. **[50]**

4. Vriendskap is altyd ’n heerlike verantwoordelikheid ...: Hierdie opstel kan tot al die soorte opstelle lei. As ’n **verhalende** opstel kan die kandidaat **verhalend** skryf oor ’n insident wat die onderwerp na vore bring. In ’n **beskrywende** opstel kan verskillende soorte vriendskappe beskryf word. By ’n **argumenterende** aanbieding kan die kandidaat oortuig dat vriendskappe ’n verantwoordelikheid is en dit nie net sommer as vanselfsprekend aanvaar moet word nie. ’n **Beredeneerde** aanbieding kan argumente wat die teendeel bewys, aanraak. In ’n **bespiegelende** inhoud kan daar oor die universele begrip van vriendskap geskryf word. **[50]**

5. Ja, so gaan dit met ons dromers … Hierdie onderwerp kan tot verskeie interpretasies lei wat onder andere **verhalend**, **bespiegelend** of **argumenterend** kan wees. ’n **Verhaal** sal fokus op hierdie onderwerp as tema of lewensles. By ’n **bespiegelende** interpretasie kan die kandidaat die wenslikheid van drome bepeins. Indien die kandidaat skryf dat dit voordelig/goed/lekker/noodsaaklik is om te droom en daaruit iets te leer, kan dit as ’n **argumenterende** opstel aanvaar word. **[50]**

6.1 Gesig deur draad: Interpretasies kan lei tot **beskrywende**, **verhalende**, **bespiegelende** skryfstukke, bv. ’n **beskrywing** van die emosies wat iemand wat inperking beleef. ’n **Verhaal** kan handel oor hoe iemand se lewe verloop het wat tot sy/haar inperking gelei het. Hierdie onderwerp kan ook **bespiegel** of afsondering tot ’n mens se voordeel kan strek. ’n **Argumenterende** opstel kan fokus op die regverdigheid, al dan nie, van mense se vooroordele ten opsigte van iemand wat dit verkies om alleen te lewe. **[50]**

6.2 Stukkende gloeilampie: Die kandidaat kan die **verhaal** vertel van iemand wie se lewe as gevolg van ’n spesifieke gebeurtenis skeefgeloop het/vernietig is. As **beskrywende** opstel kan die kandidaat verskillende mense beskryf wie se lewensdrome nie gerealiseer het nie. Indien die kandidaat **argumenteer** oor die belangrike redes waarom ’n mens nie sommer moet tou opgooi nie, kan die skryfstuk as ’n **argumenterende** opstel slaag. Daar kan **beredeneer** word of daar in die samelewing nut vir wanfunksionele praktyke is. ’n **Bespiegelende** opstel kan op die gebroke samelewing fokus waarin sommige mense hulself bevind. Eskom en beurtkrag kan ook as onderwerp **beredeneer/beskryf** word. **[50]**

6.3 Sport: Hierdie onderwerp kan tot ’n **verhalende**, **bespiegelende**, **beskrywende**, **beredeneerde** en **argumenterende** skryfstuk lei. Moontlikhede: ’n **Verhaal** kan oor ’n sportprestasie/’n sportman se lewensverhaal handel. As **bespiegelende** opstel kan die kandidaat oor die waarde van sport in ’n mens se lewe besin. Die ywerige sportentoesias se emosies, gedagtes, fisieke uitputting ens. kan **beskryf** word. Die kandidaat kan ook **beredeneer/argumenteer** dat sport ’n doel in die lewe het. **[50]**

## 3. HULDEBLYK

Die huldeblyk bring hulde aan 'n gunstelingonderwyser wat aftree.

**Hou die volgende in gedagte**:

- Die onderwyser se naam en van, adres en ouderdom, datum van aftrede, plek waar die persoon aftree, oorsaak van aftrede, duur van betrokkenheid by die skool behoort gegee te word.
- Prestasies, hoogtepunte en gemeenskapsbetrokkenheid kan ingesluit word.
- Die fokus hier behoort te wees wat die onderwyser vir die leerders beteken het.
- Gebeurtenisse en staaltjies/persoonlike herinneringe behoort ingesluit te wees.
- Die trant moet waarderend wees.
- Iets persoonliks, soos 'n gedig, kan bygevoeg word.
- Die taal, styl en register is formeel, opreg en uit die hart.
- Die spreker kan eufemismes gebruik. **[25]**

## 4. RESENSIE

Die resensie fokus op die kandidaat se gunstelingboek vir plasing in die maandblad.

**Hou die volgende in gedagte**:

- Regverdige, eerlike evaluering van die werk is noodsaaklik.
- Daar is nie (meer) 'n vaste formaat nie; die resensent bepaal waarop hy/sy wil fokus.
- Dit gee 'n individuele respons op die boek.
- Dit verskaf die resensent se mening: daarom is dit gewoonlik subjektief.
- Dit gee toepaslike feite bv. naam van die boek, die skrywer en die storielyn. **[25]**

## 5. GESKREWE ONDERHOUD

Die onderhoud word met 'n nasionale sportpersoon, wat reeds in die buiteland deelgeneem het, gevoer.

**Hou die volgende in gedagte**:

- Gepaste vrae vorm deel van die onderhoud.
- Die name van die sprekers word aan die linkerkant van die bladsy geskryf.
- Elke nuwe spreekbeurt word op 'n nuwe reël geskryf.
- Gesproke Afrikaans moet omgeskakel word in geskrewe Afrikaans. **[25]**

6. **KOERANTARTIKEL**

Die koerantartikel fokus op mense se eetgewoontes. Die skrywer kan 'n objektiewe standpunt vir of teen die onderwerp inneem.

**Hou die volgende in gedagte**:

- Stel feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan deel van die artikel se inhoud vorm. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

